**Dinsdag 19 November**

| Skrifgedeelte: Hebreërs 9:11-14 | Fokusgedeelte: Hebreërs 9:11 |
|---|---|

**Jesus Christus bring die volkome offer**

Die skrywer wil dat ons onsself verplaas, weg van die tabernakel met sy simboliek, hoe indrukwekkend dit ook al was, en dat ons saam met ons ware Hoëpriester, saam met Jesus tot reg in die troonkamer van God sal stap.

Daar staan ons Hoëpriester voor God, nie met die bloed van diere nie, maar met sy eie bloed. Hierdie bloed bring nie net tydelike verlossing nie. Nee, hierdie verlossing is vir eens en vir altyd. Dis ewig! Sy bloed bring nie net uiterlike reinheid nie. Nee, die bloed van Christus bevry gewetes van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien!

Dink hieroor: Die enigste Hoëpriester wat nooit nodig gehad het om skoongewas te word nie, word kaal uitgetrek, gespot, geslaan, besmeer met mense se spoeg. Op Golgota, wat niks anders as ’n smerige, vuil, stinkende ashoop was nie, word Hy gekruisig. Waarom? Waarom word Hy, die Reine, die Heilige, soos vullis, voos vuilgoed hanteer?

Dis sodat God na ons toe kan hardloop en ons, vuil, stinkende sondaarmense wat tussen die varke gebly het, kan vasgryp, kan soen en vir ons ’n nuwe kleed kan aantrek en ’n ring aan ons vinger kan sit en die vetgemaakte kalf kan slag (Luk. 15:20-24). Jesus, ons Hoëpriester, ruil met ons plekke.

Alles wat tussen jou en God gestaan het, is weg as jy in Jesus glo! Hy bring die volkome offer sodat ek en jy God met ’n skoon gewete kan dien.

Hier is die belangrike vraag: Hardloop jy na Hom toe as die aanklagte kom: Jy’t gefaal as pa, as ma? Jy’t jou ouers teleurgestel? Jy noem jouself ’n Christen, ’n ouderling, ’n diaken, ’n dominee – en dis wat in jou hart aangaan?

Hardloop jy hiermee na Hom toe? Dit help nie om aan die buitekant te probeer blinkvryf nie. Daar’s niks wat so sleg is vir ’n gewete soos leë godsdienstigheid nie; niks so verlammend nie. Daarteenoor kan die belewenis van hoe sy volkome offer jou gewete vrymaak, oneindige energie losmaak om die lewende God met oorgawe te dien.

*Sing: Skrifberyming 10 / Skrifberyming 5-4:1-6*

*Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)*